

DIE TWIS OOR DIE AANWYSING VAN AFRIKANERPARTY-KANDIDATE VOOR DIE 1948-VERKIESING MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE KANDIDATURE VAN JOHN VORSTER EN LOUIS BOOTH

JM Wassermann¹

Summary

Prior to the 1948 general election the National Party and the Afrikaner Party concluded two agreements on cooperation. The cooperation proved to be challenging especially since the National-Socialist organization, the Ossewa-Brandwag, had successfully, with the full knowledge of the Afrikaner Party, infiltrated the latter. Consequently the National Party, who through its congresses had distanced itself fully from the Ossewa-Brandwag, was in effect as a result of the agreements with the Afrikaner Party, indirectly in alliance with the Ossewa-Brandwag. As a result the practical implementation of the agreements – the appointment of candidates and especially candidates with National-Socialist links, like John Vorster and Louis Booth, severely challenged the cooperation between the National Party and the Afrikaner Party. However, despite this the National Party-Afrikaner Party combination still managed to defeat the United Party at the polls.

Politieke samewerking is ’n werklikheid in enige partypolitieke stelsel en is dikwels noodsaaklik vir ’n nuwe regering of vir die oue om aan bewind te bly. Binne die huidige politieke konteks het die Nasionale Party-Afrikanerparty-oorwinning van net meer as 60 jaar gelede bykans ongesiens verbygegaan. Terwyl daar oor die algemeen aan die oorwinning in 1948 slegs wat betref die beleid van Apartheid gedink word, bly die samewerkingsdinamiek en die stryd wat in en tussen die Nasionale Party en die Afrikanerparty in die aanloop tot die verkiesing gewoed het, agterweë. In ’n verkiesingsjaar soos hierdie is dit ter sake en nodig om ’n aspek van Suid-Afrika se eietydse verkiesingsgeskiedenis te herondersoek, naamlik die twis om die aanwys van Afrikanerparty-kandidate voor die 1948-verkiesing, met spesifieke verwysing na die kandidature van advokaat BJ (John) Vorster en LJC (Louis) Booth, beide persone met sterk Ossewa-Brandwag (hierna OB)-verbindinge.

Onder Afrikaners was politieke samewerking in die dertiger- en veertigerjare uiters moeilik, en soms selfs onmoontlik. Waar sodanige samewerking wel plaasgevind het, soos met die politieke samesmelting in 1934, was daar gewoonlik teenstanders daarvan, en in dié geval die “Gesuiwerdes”, oftewel die Nasionale Party onder dr. DF Malan, wat hul nie met die Verenigde Party van generaals JC Smuts en

¹ Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van KwaZulu-Natal. E-posadres: wassermannj@ukzn.ac.za

JBM Hertzog en sy getroue ondersteuner NC (Klasie) Havenga, kon vereenselwig nie. Hierdie samesmelting het nie gehou nie en is deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ongedaan gemaak, iets wat lewe aan 'n totale nuwe politieke landskap gegee het.

Met die Verenigde Party aan die stuur en die Tweede Wêreldoorlog in volle swang was daar verdeeldheid en verwarring onder die nasionalistiese opposisie. Hereniging tussen Malan en Hertzog en hul volgelinge was as gevolg van wantroue en ideologiese verskille ook van korte duur en het laat in 1940 op die rotse geloop toe Hertzog bedank het. 'n Groep van Hertzog se volgelinge het gevolglik ook besluit om hereniging agter te laat en het onder leiding van Klasie Havenga die Afrikanerparty gestig. Die nuwe skeuring was nie die enigste uitdaging vir die parlementêre opposisie in die begin van die veertigerjare nie. Die OB wat in die laat dertigerjare as kultuurorganisasie ontstaan het, het onder die leierskap van dr. JFJ (Hans) van Rensburg, toenemend in die politieke sfeer betrokke geraak. Dit, asook die politieke ideologie van die OB, Nasionaal-Sosialisme, het tot 'n botsing met die NP gelei. Die gevolg daarvan was dat Malan en die Nasionale Party-kongresse enige samewerking met die OB verbied het en lede van die party versoek het om uit die OB te bedank.² Hierdie besluit, wat 'n stryd tussen die twee organisasies tot gevolg gehad het, sou in 1948 nog weerklank vind in die Afrikanerparty se aanwysing van Louis Boothe en John Vorster as kandidate.

Teen die agtergrond van hierdie politieke verdeeldheid het die algemene verskiesing van 1943 plaasgevind. Pogings deur NC Havenga, die leier van die Afrikanerparty, om samewerking onder Afrikaners te laat herleef, het nie geslaag nie en het verbittering teenoor die Nasionale Party tot gevolg gehad.³ Terselfdertyd het dreigemente van die OB dat die Nasionale Party sy vyandigheid teenoor die organisasie moes staak of hulle steun verloor, misluk. Die gevolg hiervan was dat talle OB-lede op voetsoolvlak hul leier se opdrag verontagsaam het en wel vir die Nasionale Party gestem het.⁴ Hoewel die Nasionale Party slegs 43 setels teenoor die 89 setels van die Verenigde Party kon verower, het die party dit sonder die steun van die Nasionaal-Sosialistiese OB en die Afrikanerparty gedoen. Laasgenoemde kon geen setel verwerf nie en sou voortaan 'n sukkelbestaan voer sonder enige parlementêre verteenwoordiging, 'n kwynende organisasie sonder 'n werkbare beleid. Hoewel die Nasionale Party nou as die enigste opposisie gevestig was, het die idee stelselmatig

² FA van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg, 1976), pp. 292-293; NM Stultz, *The electoral revival of the National Party in South Africa, 1934-1948* (Kaapstad, 1965), pp. 178-179.

³ Stultz, pp. 196-197.

⁴ M Roberts & AEG Trollip, *The South African opposition, 1939-1945 an essay in contemporary history* (Kaapstad, 1947), p. 160.

begin posvat dat die Verenigde Party slegs deur 'n breë nasionale front verslaan sou kon word.⁵

Met die aanbreek van die einde van die Tweede Wêreldoorlog het veral DF Malan as die leier van die Nasionale Party derhalwe gemeen dat, in die naoorlogse tydperk, die strydbyl begrawe moes word en eenheid of samewerking met die Afrikanerparty nagestreef moes word. 'n Eenheidsfront onder Afrikaners is tot stand gebring wat die regerende Verenigde Party in die komende algemene verkiesing sou kon beveg. Sodanige samewerking sou uiteraard nie die OB en hul leier, Hans van Rensburg, kon insluit nie, weens die Nasionaal-Sosialistiese ideologie van die organisasie en die probleme wat die Nasionale Party daarmee ondervind het. Hierteenoor was goeie verhoudinge tussen die Afrikanerparty en die OB oor ideologiese grense heen aan die ontwikkel, wat samewerking tussen die Nasionale Party en Afrikanerparty verder sou bemoeilik.

Die toenadering tussen Malan en Havenga, met die hulp van individue en organisasies soos die Afrikaner-Broederbond,⁶ het uitgeloop op twee samewerkingsooreenkomste tussen die Nasionale Party en die Afrikanerparty en wel onderskeidelik in Maart en September 1947. Die uitvoering van sodanige ooreenkomste word altyd deur uitdagings gekenmerk, en in hierdie geval was die grootse enkele bedreiging, na die toekenning van setels aan die onderskeie partye, die aanwys van kandidate. Die belangrikste enkele besluit uit Nasionale Party-geledere rakende Afrikanerparty-kandidate was dat hulle nie OB-lede mog wees nie, want laasgenoemde sou gediskwalifiseer moes word. Aan die ander kant egter, in die woorde van NM Stultz,⁷ het die Nasionale Party deur die samewerkingsooreenkomste ook die bondgenoot van die OB geword omdat dié organisasie die Afrikanerparty gerysmier het sonder om Nasionaal-Sosialisme af te sweer. Dit was 'n resep vir konfrontasie.

Vroeg in die verkiesingsjaar van 1948, en teen bogenoemde agtergrond, het Klasie Havenga begin om moontlike kandidate te sif. In die memorandum oor setels wat hy van JH Richter, 'n Afrikanerparty-staatmaker en een van sy adviseurs oor setels en kandidate, ontvang het, het hy 'n rits name genotuleer waarvan hy sekeres spekulatief aan setels gekoppel het.⁸ Die optrede van Havenga het sin gemaak toe hy 'n versoek van DF Malan ontvang het om na Kaapstad te kom vir die bespreking

⁵ P van Breda, *Die politieke loopbaan van N.C. Havenga, 1910-1954* (PhD-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1991), pp. 345-346.

⁶ AN Pelzer, *Die Afrikaner-Broederbond eerste 50 jaar* (Kaapstad, 1980), p.104; Kaaplandse Argiefbewaarplek (hierna verwys as KAB), TE Dönges-versameling 85: notule buitengewone vergadering van die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond, 29 Februarie 1947.

⁷ Stultz, pp.120-125.

⁸ Nasionale Argiefbewaarplek – Pretoria (hierna verwys as NAB), NC Havenga-versameling 27: brief JH Richter–NC Havenga, 9 Januarie 1948, waarby aangeheg is 'n memorandum van Richter oor setels, met notas in Havenga se handskrif oor moontlike Afrikanerparty-kandidate; NAB, NC Havenga-versameling 27: lysie met name van setels en kandidate in Havenga se handskrif, ongedateerd.

van aspirant-Afrikanerparty-kandidate. Malan se motivering hiervoor was dat samewerking die beste bereik sou word as Havenga kandidate kon identifiseer waaraan hy voorkeur gee. Die Nasionale Party sou daarna poog om hulle in setels te plaas waar hulle die beste kans op sukses sou hê.⁹ Soos met die verdeling van setels sou slegs die hoofleiers onderhandel en vir advies staat maak op hul adviserende komitees. Die onderhandelinge is deur Havenga hanteer met die alleenreg, toegeken aan hom deur die Afrikanerparty-kongres, vir die stel van hulle kandidate.¹⁰

Na die aanvang van die samesprekings het Havenga sy kandidaatlys aan Malan voorgelê. Dié optrede van Havenga was volgens Richter 'n fout, want daarmee is die Nasionale Party 'n reg op keuse gegee; en dus die mag om kandidate te verwerp. Die voorlegging was volgens Richter ook 'n ondermyning van die Afrikanerparty se identiteit en strydig met 'n onbestrede mosie in hierdie verband, soos ironies genoeg ingedien deur John Vorster tydens die Afrikanerparty-kongres.¹¹ Aan die ander kant was Nasionale Party-kandidate nie aan dieselfde prosedure en voorwaarde onderworpe nie.

Gesien vanuit 'n Nasionale Party-perspektief was die grootste rede vir diskwalifikasie van Afrikanerparty-kandidate hul moontlike OB-lidmaatskap en dit is as sodanig geopper. Die besware van die Nasionale Party teen die OB-lidmaatskap van sekere voorgestelde Afrikanerparty-kandidate moet gesien word teen die agtergrond van Havenga se private mondelinge onderneming aan Malan op 16 Augustus 1947 tydens die onderhandelinge vir die aanvullende ooreenkoms te Kroonstad, naamlik dat hy geen OB-lid as 'n Afrikanerparty-kandidaat sou stel nie.¹² Die onderneming is gegee nadat die Nasionale Party afgejak is toe die kwessie tydens die setel-onderhandelinge van Mei 1947 geopper is¹³ en Malan Havenga persoonlik gekonfronteer het oor gerugte dat Nasionale Party-lede dalk vir 'n OB-kandidaat sou moes stem.¹⁴ Vir verskeie Nasionale Party-lede was Havenga se private mondelinge onderneming ten opsigte van OB-kandidate nie genoeg nie, en hulle wou hê dat dit 'n deel van die aanvullende ooreenkoms moes wees, en hulle wou ook 'n openbare verklaring in hierdie verband van Havenga hoor.¹⁵ Malan het egter so 'n klousule in die aanvullende ooreenkoms wat in September 1947 bereik is as slegs van toepassing op die Afrikanerparty beskou en derhalwe diskriminerend, vandaar dat dit weggelaat

⁹ NAB, NC Havenga-versameling 27: brief DF Malan–NC Havenga, 16 Januarie 1948.

¹⁰ NAB, H Oost-versameling 34: notule tweede Uniale kongres van die Afrikanerparty gehou te Brakpan, 4-5 Februarie 1948.

¹¹ *Die Burger*, 6 Februarie 1948.

¹² Argief vir Eietydse Aangeleenthede, Universiteit van die Vrystaat (hierna verwys as AREA), PV 93, 141/711/81: brief JG Strijdom–HF Verwoerd, waarby aangeheg 'n opsomming deur Strijdom oor die Malan-Havenga-samesprekings.

¹³ AREA, PV 18, 2/1/: Nasionale Party-voorstelle, 12-13, Mei 1947.

¹⁴ NAB, NC Havenga-versameling 27: brief DF Malan–NC Havenga, 25 Junie 1947.

¹⁵ AREA, PV 93, 141/711/81: brief JG Strijdom–HF Verwoerd, waarby aangeheg 'n opsomming van die gebeure te Ventersburg, 3 September 1947.

is. Dit het Malan egter nie verhoed om Havenga verskeie kere te vra om 'n openbare verklaring in die verband te doen nie.¹⁶

Die pleidooie is egter deur Havenga geïgnoreer, en sy enigste openbare verklaring was om die OB-lede in sy party te loof vir die goeie trou wat hulle ten opsigte van die ooreenkomste openbaar het.¹⁷ Die gevolg van die gebrek aan 'n openbare verklaring oor OB-kandidate het Nasionale Party-voorbanks soos JG (Hans) Strijdom, die leier van die party in Transvaal, hul deelname aan die uitvoering van die ooreenkomste laat onttrek. Die gebrek aan 'n openbare toepassing van sy onderneming aan Malan het Havenga dus by die onderhandelinge oor kandidate ingehaal, want die Nasionale Party kon weens ideologiese besware, soos bepaal deur hul kongresse, nie 'n OB-Afrikanerparty-kandidaat steun nie. Terselfdertyd kon Havenga nie so kort voor die verkiesing aan Nasionale Party-druk toegee en die voorgestelde kandidate met OB-bande repudieer nie, want dit sou neerkom op die repudiëring van partylede se regte, van homself as leier, van sy party se verhouding met die OB, en die breë front wat hy probeer bewerkstellig het. Wat sake vir Havenga nog verder bemoeilik het, was dat hy die alleenreg op die stel van kandidate tydens die Afrikanerparty-kongres en dus die alleenreg op repudiëring, verkry het.

Van die kandidate op Havenga se lys was verskeie OB-lede, naamlik C Badenhorst, J Smith, D Fourie, A du Toit, WH Read, D Hertzog, BJ Vorster en LJC Bootha.¹⁸ Van die OB-lidmaatskap van die aspirant-kandidate was die Nasionale Party, met die uitsondering van dié van John Vorster, onbewus. Daar is dadelik deur Malan en die Nasionale Party-adviseurs teen Vorster beswaar gemaak.¹⁹ Volgens Malan was Vorster nie net onaanvaarbaar as 'n moontlike kandidaat vir Brakpan omdat hy 'n lid van die OB was nie, maar ook omdat hy na bewering by 'n rooftogsaak betrokke was. Malan is egter daarop gewys dat Vorster ses dae voor die rooftog in hegtenis geneem is omdat hy 'n OB-lid en anti-oorlogsgesind was.²⁰ Malan wou nie die verklaring aanvaar nie, en hy het met sy siening volhard omdat 'n familielid van hom, PA Malan, moontlik ook by die roof betrokke was.²¹ Van sy kant af het Havenga die situasie op 'n passiewe wyse probeer beredder deur te verklaar dat, volgens sy oordeel, OB-lidmaatskap nie summier tot diskwalifikasie van 'n kandidaat moes lei nie. Met verwysing na Vorster se geval vra Havenga derhalwe Malan en sy adviseurs of hulle ander OB-Afrikanerparty-lede, teen wie daar geen spesifieke besware

¹⁶ NAB, NC Havenga-versameling 27: brief DF Malan–NC Havenga, waarby die konsep-aanvullende ooreenkoms aangeheg, 20 Augustus 1947; *Ibid.*: DF Malan–NC Havenga, 27 Augustus 1947.

¹⁷ JS Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch (hierna verwys as JSGB), DF Malan-versameling, 1/1/2326: brief JG Strijdom–DF Malan, 24 September 1947.

¹⁸ Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom (hierna verwys as FPB), OB-argief, II/8/56: verslag JH Richter–JFJ van Rensburg, April 1948.

¹⁹ AREA, PV 94, 62: dokument oor onderhandelinge tussen die Afrikanerparty en die Nasionale Party, Februarie 1948.

²⁰ NAB, NC Havenga-versameling 27: brief JT Naudé–NC Havenga, 2 Maart 1948.

²¹ *Ibid.*: brief JT Naudé–NC Havenga, 10 Maart 1948.

bestaan nie, as kandidate sou aanvaar.²² Hieraan wou die Nasionale Party nie byt nie, want Havenga se voorgestelde plaasvervanger vir Vorster, Louis Bootha, is ook daarvan verdink dat hy 'n OB-lid was. Weens onduidelikheid hieroor het Malan voorgestel dat C Badenhorst Brakpan beveg. Ook hy was 'n OB-lid en kon dus nie as kandidaat optree nie. Weens dié situasie is Bootha noodgedwonge as potensieële kandidaat aanvaar totdat uitsluitel oor sy posisie verkry kon word.²³

Teen die ander voorgestelde Afrikanerparty-kandidate het die Nasionale Party geen beswaar gehad nie, en Havenga kon tentatief name aan Vryburg, Uitenhage, Kliprivier, Potchefstroom, Bethal-Middelburg en Lydenburg koppel. Vir Roodepoort, Vryheid en Pretoria-distrik het Havenga in daardie stadium geen kandidate geïdentifiseer nie. Brakpan het egter die probleem-setel gebly, met Louis Bootha geoormerk as 'n kandidaat indien hy nie lid van die OB was nie.²⁴

Die stryd tussen die Nasionale Party en die Afrikanerparty om die stel van Afrikanerparty-kandidate het reg in die kraam van die Verenigde Party-pers gepas. *The Star* was nie heeltemal verkeerd nie toe berig is dat Malan druk op Havenga uitgeoefen het om nie OB-lede as Afrikanerparty-kandidate aan te wys nie. As dit sou gebeur, sou, volgens *The Star*, die OB sy steun aan die ooreenkoms en veral aan die Afrikanerparty onttrek.²⁵ Hierdie sienswyse is gedeeltelik deur *Die O.B.*, die mondstuk van die gelyknamige organisasie, onderskryf, wat verklaar het dat die Nasionale Party geen OB-Afrikanerparty-kandidaat sou ondersteun nie. Luidens hierdie koerantberig sou Havenga hieroor vasgeskop het omdat hy nie tevrede was dat daar teen Afrikanerparty-lede gediskrimineer word op grond van hul OB-lidmaatskap nie.²⁶

Intussen moes die Afrikanerparty die twispunt laat links lê en begin om sy kandidate in die toegekende setels aan te wys, en kort voor lank het al die setels name aan hulle gekoppel gehad, met die uitsondering van Brakpan. Beide voorgestelde Afrikanerparty-kandidate, Bootha en Vorster, was OB-lede, en daarom vir die Nasionale Party onaanvaarbaar. Hoewel Bootha in 1946 uit die OB bedank het, het hy daarna weer by die Rustenburgse tak aangesluit, waar hy 'n onaktiewe lid was.²⁷ Desondanks het JH (Jan) Steyn, oud-sekretaris van genl. JBM Hertzog, vir BJ (Ben) Schoeman, 'n Nasionale Party-voorbanker, versoek om Bootha as kandidaat in Brakpan toe te laat. Steyn se motivering hiervoor was dat die OB andersins Nasionale Party-kandidate sou veto. Vir Schoeman was dit onaanvaarbaar, want dit sou op troubleuk van die Afrikanerparty se kant neerkom. Bowendien was dit die

²² AREA, PV 94, 85/13: memorandum in EG Jansen se handskrif, ongedateerd.

²³ FPB, OB-argief, II/8/56: verslag JH Richter-JFJ van Rensburg, April 1948.

²⁴ NAB, NC Havenga-versameling 27: lyste met name van setels en kandidate in Havenga se handskrif, ongedateerd.

²⁵ *The Star*, 16 Februarie 1948.

²⁶ *Die O.B.*, 18 Februarie 1948.

²⁷ NAB, NC Havenga-versameling 27: brief JH Richter-NC Havenga, 26 Februarie 1948.

Afrikanerparty se taak om te verseker dat OB-Afrikanerparty-lede in hul party vir Nasionale Party-kandidate stem.²⁸

Van OB-kant het JFJ(Hans) van Rensburg, die hoofleier van die OB, in hierdie stadium direk by die twis betrokke geraak deur aan te bied om 'n OB-Afrikanerparty-kandidaat sy rang te laat neerlê of selfs te ontslaan as dit die Nasionale Party en die Afrikanerparty tevrede sou stel. Waaroor die OB-leier egter vasbeslote was, was dat Vorster as parlamentslid sou staan, al was dit as onafhanklike. Ten einde hieraan uitvoering te gee, was die OB-leier bereid om die voorgestelde Afrikanerparty-kandidaat, Bootha, te oortuig om terug te staan.²⁹ Gewapen met hierdie inligting het 'n vooraanstaande Nasionale Party-volksraadslid, JT (Tom) Naudé, Malan gaan spreek in 'n poging om Vorster weer as 'n kandidaat vir Brakpan benoem te kry. Malan het egter, teen al die bewyse in, volhard met sy aanname dat Vorster geïnterneer was as gevolg van 'n rooftog en daarom nie geskik was om as kandidaat op te tree nie. Malan se vrees was dat die regering net sou wag totdat Vorster 'n kandidaat was voordat hulle teen hom sou optree, met ramspoedige gevolge vir die Nasionale Party-Afrikanerparty-alliansie. Aanvanklik sou Louis Bootha die Afrikanerparty-kandidaat bly.³⁰ Die skaakmat-posisie het dus voortgeduur.

Die stand van sake het teen die middel van Maart 1948 drasties verander toe Hans van Rensburg 'n telegram ontvang het, waarin verklaar is dat Malan die kandidature van beide Vorster en Bootha geveto het.³¹ Twee dae later het hy die telegram tydens 'n toespraak te Stellenbosch voorgelees. Die OB-leier het by hierdie geleentheid daarop gewys dat Havenga vir Malan versoek het om sy besluit te heroorweeg omdat daar nie beter kandidate beskikbaar was nie. Malan het egter geweier.³² Verdere momentum is hieraan gegee toe die OB-generaal, B Grobler, 'n omsendbrief in Brakpan uitgestuur het wat die inhoud van die telegram weergee het. In dié omsendbrief is dit duidelik gestel dat, indien die bestaande situasie sou voortduur, Vorster as onafhanklike sou staan.³³

'n Berig in die *Dagbreek en Sondagnuus* het die vuur verder aangeblaas. Hiervolgens was Vorster en Bootha se kandidature nie vir die Nasionale Party-hoofbestuur aanneemlik nie, terwyl Malan spesifiek nie gediend was met Vorster se kandidatuur nie. Die blad het verder berig dat Ben Schoeman, anders as Malan en die party se hoofbestuur, geneë was om Vorster as kandidaat te laat optree. Hierdie nuusblad wou dit ook hê dat Vorster geen kennis moes dra van Malan se houding of

²⁸ AREA, PV 93, 711/411: brief HF Verwoerd–JG Strijdom, 1 Maart 1948.

²⁹ NAB, NC Havenga-versameling 27: brief JT Naudé–NC Havenga, 2 Maart 1948.

³⁰ *Ibid.*: brief JT Naudé–NC Havenga, 10 Maart 1948.

³¹ FPB, OB-argief, II/4/24: telegram Buys–JFJ van Rensburg, 16 Maart 1948.

³² AREA, PV 93, 847/109: toespraak JFJ van Rensburg te Stellenbosch, herdruk uit *Die O.B.*, 24 Maart 1948.

³³ JPC Mostert, *Die vormingsjare en vroeë politieke loopbaan van B.J. Vorster tot 1958* (MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1981), p.110.

dat die ooreenkomste bepaal het dat geen OB-lid 'n Afrikanerparty-kandidaat mag wees nie.³⁴

JG Strijdom se reaksie van Nasionale Party-kant was om te wonder of Malan sou toelaat dat so 'n verdraaiing die wêreld ingestuur word.³⁵ Malan was nie gediend hiermee nie en het heftig reageer deur te verklaar: “In alle kiesafdelings wat aan die Afrikanerparty toegeken is, berus die reg om kandidate te benoem uitsluitlik by die Afrikanerparty self, volgens hulle eie neergelegde prosedure. Die bewering dat ek my vetoreg toegeëien het of dit uitgeoefen het, is dus foutief en is blykbaar bereken om die goeie werking van die ooreenkoms te verhinder.”³⁶ Dié antwoord van Malan het Strijdom bevredig en was volgens hom in ooreenstemming met Havenga se onderneming oor OB-kandidate.³⁷ Uit OB-geledere het Van Rensburg Malan se verklaring egter beskou as 'n woordespel oor die woord “vetoreg”, want Malan het geweet dat Vorster se kandidatuur deur die Nasionale Party-leiding verydel is.³⁸

In 'n poging om die opbouende negatiewe reaksie in die kiem te smoor, maar ook om Havenga te beskerm, het die Afrikanerparty-hiërargie ontwykend op alle vrae oor die veto van Bootha en Vorster se kandidature reageer. Daar is slegs verklaar dat, onder omstandighede, hulle kandidature nie gehandhaaf kon word nie. Desondanks is versoek dat alle Afrikanerparty-besture en -lede die ooreenkomste steeds stiptelik moes uitvoer.³⁹

In hierdie stadium was dit duidelik dat die Afrikanerparty en die Nasionale Party nie volgens dieselfde stel beginsels opgetree het nie. Terwyl die Nasionale Party se vertrekpunt was dat Havenga vir Malan verseker het dat geen OB-lid 'n Afrikanerparty-kandidaat sou wees nie, is die versekering nooit, ondanks Malan se volgehoue druk, deur Havenga openbaar gemaak of aan sy partygenote oorgedra nie. Havenga se implementering van sy versekering moet teen die agtergrond van sy party se vele OB-lede en goeie verhouding met die organisasie verstaan word. Die moontlikheid van 'n OB-lid as kandidaat het Havenga egter nou ingehaal en derhalwe moes hy, ondanks Malan se uitsprake dat slegs die Afrikanerparty hul kandidate stel, ontken dat hy ooit so 'n versekering gegee het. Die gevolg hiervan was die oortuiging in Afrikanerparty- en OB-geledere dat Malan die kandidature van Vorster en Bootha op 'n onredelike wyse geveto het.

Weens die dilemma in Brakpan en Malan se beweerde vetoreg is 'n landswyse reaksie deur die OB, wat volle politieke voordeel uit die situasie wou trek, teen die

³⁴ *Dagbreek en Sondagnuus*, 21 Maart 1948.

³⁵ NAB, JG Strijdom-versameling 160: *Dagbreek en Sondagnuus*, 21 Maart 1948, met notas deur Strijdom.

³⁶ *Die Burger*, 22 Maart 1948.

³⁷ NAB, JG Strijdom-versameling 160: *Die Burger*, 22 Maart 1948, met notas deur Strijdom.

³⁸ *Die O.B.*, 24 Maart 1948.

³⁹ NAB, NC Havenga-versameling 26: brief JH Richter–NC Havenga, 31 Maart 1948.

Nasionale Party gevrees.⁴⁰ ’n Versoek van Malan dat OB-lede nie as lede nie, maar as Afrikaners vir die Nasionale Party moes stem en dat OB-Afrikanerparty-lede die ooreenkomste getrou moes uitvoer, het *Die O.B.* heftig laat reageer. Volgens die koerant was Vorster só ’n Afrikaner en só ’n OB-Afrikanerparty-lid. Die reaksie van Malan hierop was egter om sy kandidatuur te veto sonder bewys dat hy die ooreenkomste verbreek het.⁴¹ Hans van Rensburg het die aanval voortgesit en dit aan die groot klok gehang dat die Nasionale Party twee Afrikanerparty-hoofbestuurslede as kandidate geveto het bloot omdat hulle OB-lede is. Volgens hom het die OB dus dieselfde status as Kaapse kleurlinge gehad, want hulle kon vir die Nasionale Party stem, maar die Nasionale Party hoef nie vir hulle te stem nie.⁴²

Op dié tydstop het die posisie met betrekking tot ’n kandidaat in Brakpan vir verskeie Afrikanerparty-lede onhoudbaar geword. Volgens hierdie lede het Havenga geen onderneming gegee dat OB-lede nie Afrikanerparty-kandidate mag wees nie. As bewys hiervan is die aandrang van Havenga dat die OB-lede op sy lysste toegelaat moes word om as Afrikanerparty-kandidate te staan, voorgelê. Hulle het geredeneer dat, indien so ’n onderneming van Havenga bestaan het, OB-lede nie op die kandidatelys sou verskyn het nie. In die lig hiervan is daar in opdrag van Havenga besluit om by die Nasionale Party aan te dring dat Bootha en Vorster as kandidate in Roodepoort en Brakpan moes staan.

Dié siening uit Afrikanerparty-geledere het radikaal verskil van die Nasionale Party se vertolking waarvolgens Havenga wel so ’n versekering gegee het, maar dit nie in die openbaar wou aankondig nie. Die dilemma was dat Havenga egter nie nou kon erken dat hy die versekering gegee het dat geen OB-lid ’n kandidaat mag wees nie - daarvoor sou die gevolge te dramaties vir sy party en die ooreenkomste met die Nasionale Party wees. Om die rede moes hy tevrede wees met die persepsie wat die wêreld ingestuur is dat Malan en sy party vir hulleself die vetoreg toegeëien het ten opsigte van Afrikanerparty-kandidate.

Die Nasionale Party se reaksie op die Afrikanerparty-siening het by monde van FC (Frans) Erasmus gekom wat verklaar het dat “die Nasionale Party-lede nie gevra sou word om vir kandidate te stem wat OB-lede is nie en indien daarvan afgewyk word dit baie nadelige probleme sou hê”. Uit vrees vir die gevolge van so ’n besluit, het die Afrikanerparty besluit om Bootha as kandidaat in Brakpan te onttrek en geen kandidaat daar te stel nie.⁴³

Bootha het hom egter nie deur die polemieë oor sy kandidatuurskap laat onderkry nie en het begin om met goeie gevolg met die Nasionale Party-tak te Rustenburg

⁴⁰ AREA, PV 51, 2/152: brief JH Richter–MJ Stander, 31 Maart 1948.

⁴¹ *Die O.B.*, 24 Maart 1948. Malan te Porterville.

⁴² NAB, H Oost-versameling, 35: verklaring oor Brakpan en Roodepoort, 3 April 1948.

⁴³ FPB, OB-argief II/8/56: verslag JH Richter–JFJ van Rensburg, April 1948.

saam te werk,⁴⁴ en het selfs die tak daarvan oortuig om die kongresbesluite dat OB-lede nie lede van die Nasionale Party mag wees nie, te ignoreer. Die Rustenburg-tak het ook die Nasionale Party-standpunt dat OB-lede nie kandidate mag wees nie, sterk afgekeur. Die tak is dadelik deur 'n voorbanker, Daan De Wet Nel, gerepudieer en hy het beveel dat die besluite herroep moes word, met die dreigement dat Strijdom self die saak daar sal gaan uitveg. Van sy kant af het Strijdom die toedrag van sake verwyttend toegeskryf aan die ooreenkomste met die Afrikanerparty en Malan en sy ondersteuners se toegewys aan die OB.⁴⁵

Intussen het die onttrekking van Bootha as kandidaat deur die Afrikanerparty, waarskynlik met die hulp van Hans van Rensburg, die deur vir Vorster geopen. Tydens die Afrikanerparty-dagbestuursvergadering van 8 Maart 1948 het Havenga, teen die agtergrond van die probleme met betrekking tot OB-lede as kandidate, Vorster meegedeel dat sy kandidatuur onaanvaarbaar was vir die Nasionale Party en hy dus nie 'n amptelike kandidaat sou kon wees nie. Gevolglik het Havenga, in 'n poging om die Nasionale Party te systap en hom te verontskuldig en die OB te kalmeer, Vorster aangeraai om, soos Van Rensburg voorheen gedreig het, as onafhanklike te staan. Hiertoë het Vorster hom bereid verklaar.⁴⁶ In reaksie op dié stap het Malan die hoofbestuur van die Nasionale Party in die Transvaal oor Brakpan geraadpleeg. Na genoemde oorlegpleging, en in die lig van die Afrikanerparty se onttrekking aan die setel, is daar begin om met die gedagte te speel om 'n kandidaat in Brakpan te stel.⁴⁷

Malan se alternatiewe oplossing was dat Jan Grobler na Brakpan verskuif moes word sodat die Arbeidersparty-leier, CF Stallard, Roodepoort kon beveg.⁴⁸ Die idee dat Grobler verskuif moes word, het steun uit Roodepoort ontvang, en die plaaslike Afrikanerparty-tak het hul voorsitter, WH Bischoff, as kandidaat in Roodepoort voorgestel. Hulle wou egter nie die setel vir Stallard aanbied nie.⁴⁹ Die verskuiwingsvoorstel is geensins deur Havenga gesteun nie en sy reaksie was om die kandidatuur van Jan Grobler in Roodepoort te bevestig.⁵⁰ Op dié wyse het 'n laaste poging om 'n aanvaarbare Afrikanerparty-kandidaat vir Brakpan te kry, misluk.⁵¹

Die Nasionale Party-plan om 'n kandidaat in Brakpan, soos voorgestel deur Malan, te stel, kon nou in werking tree. Dit het egter lelik skeefgeloop. Voordat 'n amptelike besluit ontvang is, het die plaaslike afdelingsbestuur ooreengekom

⁴⁴ *Ibid.*, II/4/24: brief JFJ van Rensburg–F d T van Zyl, 20 April 1948.

⁴⁵ AREA, PV 18, 3/1/53: brief JG Strijdom–CR Swart, 19 April 1948.

⁴⁶ FPB, OB-argief, II/8/56: verslag JH Richter–JFJ van Rensburg, April 1948.

⁴⁷ NAB, NC Havenga-versameling 26: telegram DF Malan–NC Havenga, 20 Maart 1948.

⁴⁸ *Ibid.* 27: brief JLV Liebenberg oor FC Erasmus, 29 Maart 1948.

⁴⁹ *Ibid.*: telegram PM Nel–NC Havenga, 19 Maart 1948.

⁵⁰ FPB, OB-argief, II/8/56: verslag JH Richter–JFJ van Rensburg, April 1948.

⁵¹ NAB, NC Havenga-versameling 27: telegram JLV Liebenberg–FC Erasmus, 29 Maart 1948.

dat John Vorster die Nasionale Party se kandidaat sou wees.⁵² Jan de Klerk, wat gestuur is om die vergadering nietig te verklaar, het hom op 'n byeenkoms bevind waar Vorster ook teenwoordig was. In reaksie op sy standpunt dat die vergadering sonder goedkeuring van die Nasionale Party-hoofbestuur plaasgevind het, is Vorster weereens as kandidaat benoem.⁵³ Die Transvaalse Nasionale Party-hoofbestuur moes dus die aftog blaas weens die aanslag van plaaslike sentimente.

Die Nasionale Party-hoofbestuur het op dié halsstarrigheid reageer deur die plaaslike afdelingsbestuur af te dank. By monde van De Klerk is, in 'n poging om sy party se aansien te red, verklaar dat Brakpan 'n Afrikanerparty-setel is en bly. Om hierdie rede was die “oud”-afdelingsbestuur se aanwysing van Vorster onaanvaarbaar. De Klerk het ook enige sprake van steun aan 'n onafhanklike kandidaat nek omgedraai deur te verklaar dat, indien die Nasionale Party nie die setel beveg nie, die hoofbestuur sou besluit watter onafhanklike kandidaat gesteun moes word. Die “oud”-afdelingsbestuur kon dus nie die volmag van Havenga, om Afrikanerparty-kandidate te stel, ondermyn nie.⁵⁴

Weens die probleme wat in Brakpan met hul ondersteuners ondervind is, het die dagbestuur van die Nasionale Party in Transvaal uiteindelik besluit om geen kandidaat in Brakpan te stel nie, maar om die bal na die Afrikanerparty terug te gooi deur te verklaar dat Brakpan 'n Afrikanerparty-setel is en die onus dus op dié party gerus het om 'n kandidaat te stel.⁵⁵ Versuim om dit te doen, sou nie die Nasionale Party 'n kandidaat laat stel nie.⁵⁶ Hierdie boodskap het Malan aan Havenga oorgedra. Die reaksie van die Afrikanerparty hierop was om te verklaar dat hulle ook nie 'n kandidaat gaan stel nie.⁵⁷ Die deur was dus nou wawyd oop vir Vorster om as 'n onafhanklike te staan met die steun van die plaaslike Afrikanerparty, Nasionale Party en OB-lede.

In 'n poging om die vure van onmin dood te slaan, het die Afrikanerparty-gesinde blad, *Die Vaderland*, berig dat die Afrikanerparty- en die Nasionale Party-leiers tot 'n vergelyk gekom het dat geeneen van die partye 'n kandidaat in Brakpan gaan stel nie. In Brakpan sou enige nasionaalgesinde kandidaat dus op die Afrikanerparty en die Nasionale Party se steun kon staatmaak.⁵⁸ Volgens *Die Transvaler*, onder die redakteurskap van HF Verwoerd, was die berig onjuis, omdat dit die beeld geskep het dat onderhandelinge oor 'n kandidaat gevoer is en dat beide partye by die beslissing betrokke was. Die indruk is ook geskep dat die Afrikanerparty en die Nasionale Party sou ooreenkom oor watter onafhanklike kandidaat gesteun moes

⁵² AREA, PV 18, 3/1/53: brief JG Strijdom–CR Swart, 19 April 1948.

⁵³ J D'Oliveira, *Vorster die mens* (Johannesburg, 1976), pp. 96-97.

⁵⁴ *Die Transvaler*, 24 Maart 1948.

⁵⁵ AREA, PV 2, 54/227: notule dagbestuursvergadering Nasionale Party van Transvaal, 6 April 1948.

⁵⁶ *Die Transvaler*, 1 April 1948.

⁵⁷ *Ibid.*, 12 April 1948.

⁵⁸ *Die Vaderland*, 10 April 1948.

word. Die waarheid, volgens *Die Transvaler*, was dat Havenga besluit het om nie 'n Afrikanerparty-kandidaat in Brakpan te stel nie, en omdat dit 'n Afrikanerparty-setel is, het die onus op dié party gerus om die setel te beveg. As 'n onafhanklike kandidaat benoem sou word, het dit dus niks met die Nasionale Party te make nie. Oor so 'n kandidaat sou daar met inagneming van wie hy is, 'n besluit geneem word.⁵⁹

Met die besluit van sowel die Afrikanerparty as die Nasionale Party om nie 'n kandidaat in Brakpan te stel nie, het bespiegeling oor 'n onafhanklike kandidaat, en dat dit straks, weens die algemene steun wat hy geniet het, Vorster kon wees, hoogty gevier.⁶⁰ Die bespiegeling is tydens 'n openbare vergadering te Brakpan versterk⁶¹ toe Vorster sy weergawe van die polemiekie met betrekking tot sy kandidatuur gegee het. Volgens hom sou hy eers as Afrikanerparty-kandidaat staan, maar na die besware oor sy kandidatuur is daar besluit om hom te onttrek. Vorster het voorts verduidelik dat sy onttrekking as kandidaat plaasgevind het omdat daar 'n bepaling sou wees wat hom as OB-lid diskwalifiseer as Afrikanerparty-kandidaat. Van so 'n klousule was hy nie bewus nie, maar na besware teen sy kandidatuur, het Havenga besluit om hom te onttrek en hom aangeraai om as onafhanklike te staan. John Vorster het dit ook baie duidelik gemaak dat hy nie verskoning vra vir sy OB-lidmaatskap nie, maar desondanks, beide die Malan-Havenga-ooreenkomste steun. Hierna is Vorster op openbare aandrang as 'n onafhanklike kandidaat in Brakpan genomineer. Na sy toespraak wou Vorster nie vrae beantwoord nie en het hy die vergadering verlaat toe die gehoor 'n mosie wou instel,⁶² waarskynlik om verdere onenigheid te voorkom. *Die Vaderland* het egter beweer dat 'n mosie wel in Vorster se teenwoordigheid ingestel is. Hiervolgens is Malan versoek om toe te sien dat slegs Vorster, met volle steun van beide betrokke partye, die amptelike kandidaat in Brakpan moet wees.⁶³

Die reaksie van *Die Transvaler* op Vorster se besluit om as onafhanklike te staan, was kil. Die koerant se vertolking was dat hy as 'n onafhanklike Afrikanerparty-kandidaat buite die ooreenkoms staan en sonder enige verpligtinge teenoor die samewerkende partye. Omdat die Nasionale Party, kragtens die besluit geneem deur die dagbestuur van die party in Transvaal, geen kandidaat gestel het nie, kon partylede in Brakpan na goeie stem.⁶⁴ Die laaste setel wat aan die Afrikanerparty toegeken is, is dus nou gevul deur die oorspronklike kandidaat wat Havenga voorgestel het.

Die Nasionale Party het nie amptelik op die Vorster-kandidatuur gereageer nie. Die gevolg hiervan was dat die Nasionale Party-afdelingsbestuur te Brakpan steeds op die beloofde amptelike reaksie van die hoofbestuur gewag het. Toe dit uitgebly

⁵⁹ *Ibid.*

⁶⁰ *Ibid.*, 13 April 1948; *Die Transvaler*, 13 April 1948.

⁶¹ *Die Vaderland*, 14 April 1948.

⁶² *Die Transvaler*, 25 April 1948.

⁶³ *Die Vaderland*, 25 April 1948.

⁶⁴ *Die Transvaler*, 15 April 1948.

het, is daar op eie inisiatief besluit om Vorster te steun en daarop aan te dring dat alle Nasionale Party-lede vir hom moes stem.⁶⁵ In sy private hoedanigheid het Malan egter die volgende in die Afrikanerparty se program van beginsels en konstitusie onderstreep: “Die Hoofbestuur het die toestemming van meerderheid lede (en) het die reg om ’n Hoofbestuurslid te skors, indien hy hom onwaardig teenoor die party gedra.”⁶⁶ Havenga en die hoofbestuur moes egter gemeen het dat hoofbestuurslid Vorster met waardigheid opgetree het, want daar is geensins teen hom opgetree nie.

Die Transvaler het egter nie gemeen dat Vorster met waardigheid opgetree nie en het ’n striemende aanval op hom geloods omdat hy as ’n Afrikanerparty-hoofbestuurslid hom as ’n onafhanklike laat nomineer het. Wat dié blad betref, het Vorster die ooreenkoms oortree deur hom te laat nomineer en nie te wag totdat Havenga, volgens sy volmag, ’n kandidaat stel nie. Eweneens het hy ook nie vir die optrede van die Nasionale Party-hoofbestuur gewag as Havenga sou besluit om nie ’n kandidaat te stel nie. Eers nadat geeneen van die partye ’n kandidaat sou stel nie, was daar ruimte vir ’n onafhanklike.⁶⁷

In die Afrikanerparty-kamp was Havenga verlig dat die Brakpan-kwessie opgelos kon word. Soos Havenga sake gesien het, wou hy en Malan nie die posisie verder vertroebel nie en is die setel dus oorgelaat aan ’n onafhanklike Nasionaal-gesinde kandidaat. Met al die setels gevul, het Havenga sy volgelinge versoek om die ooreenkomste tussen hom en Malan stiptelik na te kom. Diegene wat dit nie wou doen nie, is versoek om te bedank.⁶⁸

Op dié tydstop het die OB geensins sy veldtog teen die Nasionale Party oor die beweerde vetoreg van Malan verslap nie. ’n Pamflet met die strekking dat daar nie vir die Nasionale Party gestem moes word nie, is deur die OB in Brakpan en Roodepoort versprei. Die pamflet is deur *Die Transvaler* betreur, wat veral ontevrede was oor die bysleep van Roodepoort waar daar reeds ’n Afrikanerparty-kandidaat was.⁶⁹ Die voorval het Strijdom ook ontstel en hy het gewonder waarom Havenga, in die lig van sy versekering aan Malan dat geen OB-ondersteuner ’n kandidaat sou wees nie, hieroor geswyg het. Sy persoonlike verklaring was dat Havenga geswyg het omdat 90% van sy party uit OB-lede bestaan het.⁷⁰

Einde ten laaste, met die Brakpan-sage opgelos, het Havenga sy stilswye verbreek. Tydens ’n vergadering te Ladybrand, sy kiesafdeling, het hy verklaar dat daar sedert die aanvang van die ooreenkomste probleme oor OB-Afrikanerparty-lede was; gevolglik is hy meegedeel dat dit nie moontlik sou wees om OB-lede as

⁶⁵ *Die Vaderland*, 15 April 1948.

⁶⁶ JSGB, DF Malan-versameling, 1/41/1(7): Afrikanerparty-program van beginsels en konstitusie met notas deur DF Malan, ongedateerd.

⁶⁷ *Die Transvaler*, 23 April 1948.

⁶⁸ *Die Vaderland*, 16 April 1948.

⁶⁹ *Die Transvaler*, 13 April 1948.

⁷⁰ NAB, JG Strijdom-versameling 160: *Die Transvaler*, 13 April 1948, met notas deur Strijdom.

Afrikanerparty-kandidate te nomineer nie. Hoewel hy die besluit betreur het, het hy Malan meegedeel dat hy nie die ooreenkomste as gevolg van die betrokke lede sou laat skipbreuk ly nie. Desondanks het Havenga gevra dat 'n OB-lid as kandidaat aan die Rand toegelaat moes word om op so 'n wyse OB-steun te kry. Die Nasionale Party het egter nie daarvoor kans gesien nie; daarom kon Bootha en Vorster nie staan nie.⁷¹ Havenga se volgende openbare optrede was te Hobhouse. Hier het hy verklaar dat hy die reg gehad het om enige persoon as Afrikanerparty-kandidaat te nomineer, en is Vorster en Bootha dus benoem. Die betrokke kandidate was nie vir die Nasionale Party aanvaarbaar nie; daarom het hy berus by die weiering om hulle as kandidate te aanvaar. Om dié rede ontken Havenga dat hy enige kandidate geveto het.⁷²

Dit wat Malan sedert Augustus 1947 versoek het, het dus nie gebeur nie, want Havenga het die indruk gewek dat hy nooit enige versekerings ten opsigte van OB-Afrikanerparty-lede gegee het nie, maar slegs aan Malan en die Nasionale se druk toegegee het. Havenga het dus inderdaad die onus op Malan geplaas.

Malan het op die verontskuldigende Havenga-toesprake gereageer deur 'n volledige verklaring uit te reik waarin hy sy tevredenheid uitgespreek het oor Havenga se beslisheid om die ooreenkomste te laat slaag en oor die trou wat hy van sy lede geëis het. Wat die OB betref, verklaar Malan dat hulle buite die ooreenkomste staan en dus geen seggenskap daaroor het nie. Die feit dat OB-lede ook Afrikanerparty-lede was, verander nie die saak nie, want deur 'n Afrikanerparty-lid te word, word die ooreenkomste vanselfsprekend aanvaar. Wat die stel van OB-lede as kandidate betref, maak Malan dit baie duidelik dat Havenga reeds op 16 Augustus 1947 die onderneming gegee het dat dit nie sou plaasvind nie. So 'n onderneming was vanselfsprekend weens so 'n kandidaat se Nasionaal-sosialistiese filosofie. Die onderneming is ook gegee omdat die OB self sy lede verbied het om as kandidate te staan; daarom was die uitskakeling van Bootha en Vorster nie die verwerplike daad wat die OB daarvan probeer maak nie. Die bewering dat hy homself 'n vetoreg voorbehou het, was derhalwe volgens Malan onjuis.⁷³

Die uitsprake van Malan en Havenga het geensins bygedra om die vraag te beantwoord oor wie vir die veto verantwoordelik was nie. Die woordestryd wat ietwat meer as 'n maand geduur het, was verby, met elke leier se ondersteuners wat hom steeds geglo het. Wat egter baie duidelik was, was dat Havenga twee meesters probeer dien het. Hy wou die OB betrek by 'n breër Afrikaner-eenheid, en om dié rede het hy hulle 'n politieke tuiste in sy party gebied, met die gevolg dat die grootste gros Afrikanerparty-lede ook OB-lede was. Hy kon derhalwe slegs hoop die vetoreg-kwessie verdwyn deur daaroor te swyg. Aan die ander kant moes hy ook die Nasionale Party, met wie die Afrikanerparty twee samewerkingsooreenkomste

⁷¹ *Die Burger*, 21 April 1948; Van Breda, p. 369.

⁷² *Die Burger*, 22 April 1948.

⁷³ *Ibid.*, 23 April 1948.

gesluit het, dien. Weens hul verhouding met die OB en die druk wat Malan as gevolg daarvan oor moontlike OB-Afrikanerparty-kandidate op hom geplaas het, moes hy hulle tevrede stel. Dit is gedoen deur 'n mondelinge onderneming om nie sodanige kandidate te stel nie. Havenga was dus tussen twee vure wat die woordestryd oor beweerde vetoreg betref. Hierdie delikate situasie het hy hanteer deur dit te ignoreer. Toe dit nie werk nie, is subtiel geskimp dat Malan daarvoor te blameer was. Malan het egter soos elke keer tereg die vinger na Havenga gewys wat alleen vir die vetokwessie verantwoordelik was, want Havenga het die alleenreg gehad om Afrikanerparty-kandidate te stel.

Op die keper beskou, het die Afrikanerparty deur die Brakpan-setel met hul oorspronklike kandidaat, John Vorster, te vul, 'n oorwinning oor die Nasionale Party behaal. Die strategie was onortodoks, maar doeltreffend. Nadat beide Louis Bootha en John Vorster afgekeur is weens hul OB-bande en die Afrikanerparty nie 'n kandidaat in Brakpan wou stel nie, was die deur vir Vorster oop en is Hans van Rensburg se onderneming dat Vorster sal staan, al is dit as onafhanklike, verwesenlik.⁷⁴ Nie alleen het die Nasionale Party die onderspit gedelf teen die Afrikanerparty-OB-kombinasie in Brakpan nie, maar ook teen hul eie plaaslike bestuur wat meer pragmaties as ideologies georiënteer was. Die Nasionale se topstrukture moes saamleef met die wete dat hulle nie OB-kandidate kon wegweer uit die Afrikanerparty-Nasionale Party-ooreenkomste nie.

Met die aanbreek van verkiesingsdag was die setel- en kandidatuurstryd tussen die Afrikanerparty en die OB aan die een kant en die Nasionale Party aan die ander kant vergete en is daar ywerig vir kandidate van beide partye gestem. Beide die Afrikanerparty en die Nasionale Party het hulle goed van hulle taak gekwyt en het onderskeidelik nege en 70 setels verower. In beide die setels waar daar probleme met Afrikanerparty-kandidate was, Roodepoort en Brakpan, is die onderspit gedelf. In Brakpan het John Vorster as onafhanklike kandidaat egter slegs met twee stemme teen AE Trollip van die Verenigde Party verloor. Vorster se naelskraapse nederlaag het tot 'n petisie gelei waarin beweer is dat hy verloor het weens stembriefies wat deur Trollip aan kiesers aangebied is. Die hof het dit egter van die hand gewys en nadat die stemme weer getel is, is die Verenigde Party-meerderheid na vier vergroot.⁷⁵

Na sy nederlaag het Vorster verskeie telegramme ontvang, onder meer van Havenga, wat gelui het: “Baie hartlik geluk, pragtige stryd, jammer ons kon die paal net nie haal nie.”⁷⁶ Ander boodskappe het weer die skuld vir Vorster se nederlaag voor Malan se deur gelê.⁷⁷ Vorster self het ondanks die verdeeldheid om sy kandidatuur grootmoedig verklaar dat sy bydrae deel van die volksaak was.⁷⁸

⁷⁴ NAB, NC Havenga-versameling 27: brief JT Naudé–NC Havenga, 2 Maart 1948.

⁷⁵ Mostert, p. 138.

⁷⁶ AREA, PV 132, 2/2/1/1: telegram NC Havenga–BJ Vorster, 27 Mei 1948.

⁷⁷ *Ibid.*: telegram Robinson–BJ Vorster, 27 Mei 1948.

⁷⁸ *Die O.B.*, 9 Maart 1948.

Die nege Afrikanerparty- en 70 Nasionale Party-setels teenoor die 65 van die Verenigde Party en ses van die Arbeiders het die Afrikanerparty-Nasionale Party-alliansie van 'n skrale oorwinning verseker.⁷⁹ Die samewerkingsooreenkomste tussen die Afrikanerparty en die Nasionale Party het dus, ondanks die twis om die kandidature van Bootha en Vorster, suksesvol vrugte gedra en die Verenigde Party is uit die kussings gelig. Om die eenheid te voltooi het die Afrikanerparty in 1951 met die Nasionale Party saamgesmelt terwyl die OB in 1952 ontbind het en die vergetelheid in beweeg het met sy lede wat grootliks in die Nasionale Party opgeneem is.⁸⁰

Wat die twee kandidate waaroor die twis gegaan het betref, het beide by die politiek betrokke gebly. Verskillende hoogtes is egter bereik. Louis Bootha het in 1958 vir die Nasionale Party die Rustenburg-setel beveg en dit met 'n meerderheid van 2 044 stemme verower.⁸¹ Dit was die hoogtepunt van sy politieke loopbaan. John Vorster het in 1953 die Nigel-setel vir die Nasionale Party verower. In 1966 het hy die eerste minister van Suid-Afrika geword. Hy het die amp tot in 1978 bekleed, waarna hy die seremoniële pos van president tot 1979 gevul het. Vorster is op 10 September 1983 oorlede.⁸²

⁷⁹ DP Goosen (red.), *Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika* (Johannesburg, 1953), pp. 441-674.

⁸⁰ CFJ Muller (red.), *Viñfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, 1980), pp. 477-519; Van Breda, pp. 423-430.

⁸¹ CP Mulder en WA Cruywagen, *Die eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal, 1914-1964* (Johannesburg, 1964), p.13.

⁸² www.bookrags.com - Encyclopedia of World Biography; Biography of BJ Vorster, 25 September 2009.